Piet Retief Straat | Posbus 107 | Jacobsdal 8710

KAREEHOF Koshuis

maats • familie • huis

SELFOONBELEID:

LEERDERS:

Geen selfoon is toelaatbaar in die koshuis nie.

Indien ‘n leerder ‘n selfoon koshuis toe bring moet die selfoon met aankoms by die Koshuismoeder/koshuisvader of toesigkrag ingehandig word. Leerders kan hul selfone weer by die Koshuismoeder/koshuisvader of toesigkrag gaan afhaal indien hulle die koshuis verlaat vir die naweek of skoolvakansie.

Selfone moet afgeskakel word voordat dit ingehandig word.

Indien ‘n selfoon in ‘n leerder se besit is tydens sy/haar verblyf in die koshuis sal die selfoon gekonfiskeer word deur die Koshuismoeder/koshuisvader of toesigkrag. Die eienaar sal die selfoon afskakel en die selfoon sal in ‘n koevert verseël word en in die Koshuis se kluis bewaar word tot die einde van die kwartaal. Indien die oortreding herhaal word sal die selfoon tot die einde van die jaar gekonfiskeer word en die leerder/s se ouer/s sal die selfoon by die Koshuismoeder/koshuisvader moet kom afhaal.

Leerders mag nie die Koshuis verlaat om enige telefoonoproepe op die skoolterein of in die dorp te gaan maak nie.

Koshuisleerders wat saam met die bus ry vir sport-of ander geleenthede mag nie hulle selfoon saamneem nie. Ouers sal deur die Koshuisouers inkennis gestel word wanneer leerders vanaf sportgeleenthede terukeer.

Koshuisskoliere mag nie selfone na middagbyeenkomste /-oefeninge saambring nie.

Ouers het ‘n groot verantwoordelikheid om hul kinders se selfone op ‘n gereêlde basis inspekteer en goed te keur.

TOESIGKRAGTE:

Geen oproepe/sms/Whatts app boodskappe mag gemaak of ontvang word tydens formele studie nie. In noodgevalle en met toestemming van die koshuisouers is selfoonoproepe/sms/whatsapps toelaatbaar. Verontagsaming van hierdie beleid maak toesigkragte skuldig aan wangedrag en kan deur die koshuisouers/superintendent aangekla word en verhoor word.

……. …….

Ouer / Voog Handtekening Koshuisleerder